SimpleStudy®

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 10

# NOVEMBER 2019

# LEWENSWETENSKAPPE V2
# NASIENRIGLYN

**PUNTE :** **150**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 10 bladsye.

## AFDELING A

## VRAAG 1

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.1 | 1.1.1 | D ✓✓ | |
| | 1.1.2 | B ✓✓ | |
| | 1.1.3 | A ✓✓ | |
| | 1.1.4 | A ✓✓ | |
| | 1.1.5 | B ✓✓ | |
| | 1.1.6 | C ✓✓ | |
| | 1.1.7 | B ✓✓ | |
| | 1.1.8 | A ✓✓ | |
| | 1.1.9 | D ✓✓ | |
| | 1.1.10 | C ✓✓ | (10 x 2) (20) |
| 1.2 | 1.2.1 | Geslote ✓ | |
| | 1.2.2 | Kapillêre ✓ | |
| | 1.2.3 | Algemene diastool ✓ | |
| | 1.2.4 | pH ✓ | |
| | 1.2.5 | Ektotermiese ✓ | |
| | 1.2.6 | Hiberneer ✓ | |
| | 1.2.7 | Tropiese vlak ✓ | |
| | 1.2.8 | Nitraat ✓ / $NO_2$ | (8 x 1) (8) |
| 1.3 | 1.3.1 | Geeneen ✓✓ | |
| | 1.3.2 | Slegs B ✓✓ | |
| | 1.3.3 | Beide A en B ✓✓ | (3 x 2) (6) |

1.4 1.4.1 A – Aorta ✓

B – Pulmonêre arterie (longslagaar) ✓

G – Halfmaanvormige klep ✓ / pulmonêre halfmaanvormige klep (3)

1.4.2 C ✓ en F ✓ (2)

1.4.3 Inferior vena cava ✓ (1)

1.4.4 D ✓ Septum ✓ (2)

1.5 1.5.1 (a) A – Ontbinding ✓ (1)

(b) B – Verbranding ✓ (1)

(c) C – Fossielbrandstof ✓ verbranding (1)

1.5.2 Selrespirasie ✓ (1)

1.5.3 60 + 60 + 1,1 + 8,4 + 90 – 120 – 90 ✓ = 9,5 ✓ miljard ton $CO_2$ per jaar ✓ (3)

1.5.4 Aardverwarming ✓ (1)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B

## VRAAG 2

2.1 2.1.1 $\frac{160✓}{90✓}$ mm Hg ✓ (3)

2.1.2 Hoog ✓ (1)

2.1.3 ʼn Tekort aan suurstofvoorsiening aan die brein ✓
as gevolg van ʼn bloedklont ✓ of ʼn gebarste bloedvat ✓ (3)

2.1.4 Gevorderde ouderdom ✓
Hoë bloeddruk ✓
Hoë cholesterol ✓
Rook ✓
Diabeet ✓ (Enige 2)
**(Merk slegs eerste TWEE)** (2)

2.2 2.2.1 Nama Karoo ✓ (1)

2.2.2 Baie warm somers ✓
Koue winters ✓
Halfwoestyn met baie min reën ✓ (3)

2.2.3 Grasse ✓
Klein struike ✓
Bome SLEGS langs riviere ✓ (Enige 2) (2)

2.2.4 Voorsien klein insekte ✓ soos vlieë / krieke / sprinkane
om die verkleurmannetjie van kos te voorsien ✓

**OF**

Voorsien ʼn bron van water ✓
dus kan die verkleurmannetjie drink ✓

**OF**

ʼn Verwarmer / termostaat ✓ of hou by hoë temperature
aangesien Karoo-dwergverkleurmannetjie aangepas is vir hoë
temperatuur / woon in die Nama Karoo-bioom. ✓

**OF**

Plant ʼn klein plantjie / struik in die terrarium ✓
om die verkleurmannetjie te kamoefleer ✓ (Enige 2 x 2) (4)

2.3 2.3.1 (a) Aantal Watsonia-blomme wat oopgegaan het ✓ (1)

(b) Ligintensiteit ✓ (1)

2.3.2 Gee die Watsonias dieselfde hoeveelheid water ✓

**OF**

Dieselfde tipe grond / dieselfde hoeveelheid grond / tel knoppe op dieselfde tyd van die dag (1)

2.3.3 Hy kon nog 5 potte Watsonias op die grasperk geplaas het ✓ sonder enige skadu-net ✓ (2)

2.3.4 Persentasie toename $= \frac{9-5}{5} \times 100$

$= \frac{4}{5}$ ✓ $\times 100$ ✓


= 80% ✓ (3)

2.3.5 Hoe hoër die ligintensiteit ✓ hoe meer blomknoppies sal oopgaan. ✓

**OF**

Hoe laer die ligintensiteit ✓ hoe minder blomknoppies sal oopgaan ✓ (2)

2.3.6




Puntetoekenning

| | |
|---|---|
| Tipe | ✓ |
| Opskrif | ✓ |
| Byskrif (X en Y) | ✓ |
| Skaal | ✓ |
| Plotting | 1–3 stawe korrek ✓ |
| | Alle stawe korrek ✓✓ |

(6)

2.4 2.4.1 (a) Gras ✓ (1)

(b) Springbok ✓ / Sebra (1)

2.4.2 Daar sal minder roofdiere wees ✓
Dit sou veroorsaak dat daar meer springbokke en sebras is ✓
wat sal lei tot ŉ toename in die leeubevolking ✓ (3)

**[40]**

**VRAAG 3**

3.1 3.1.1 Orde – Karnivora ✓
Familie – Felidae ✓ (2)

3.1.2 <u>Panthera</u> <u>uncia</u> (kleinletter 'u') ✓ albei afsonderlik onderstreep ✓ (2)

3.1.3 Vyf ✓ / 5 (1)

3.1.4 Dit het selle met 'n ware kern ✓ / DNS/DNA word deur 'n membraan omring organelle in die sitoplasma ✓ (1)

3.1.5 Voedingswyse – Heterotrofies ✓
Metode van voortplanting – Geslagtelik ✓ (2)

3.1.6 Digotome sleutel ✓ / Biologiese sleutel / Verbale sleutel (1)

3.2 3.2.1 Senosoïese ✓ Kwaternêre ✓ (2)

3.2.2 $\frac{190 + 140}{2}$ ✓ $= 165$ MJG ✓ (2)

3.2.3 Daar was 'n vinnige toename ✓ in die aantal spesies ✓ op aarde (2)

3.2.4 Groot hoeveelhede stof en as ✓ na 'n uitbarsting
kon die son se strale blokkeer ✓
wat tot minder fotosintese gelei het ✓
en dus minder $O_2$ ✓ en voedsel ✓
Dit kon ook die afkoeling van die atmosfeer veroorsaak het ✓
Aangesien die dinosourusse nie kon aanpas ✓
by die klimaatverandering ✓ nie, het hulle uitgesterf
(Enige 5 x 1) (5)

3.2.5 Die sesde / 6$^{de}$ massa-uitwissing ✓*
Bedreigings vir biodiversiteit:
Habitatvernietiging ✓
Plant van indringer- / uitheemse spesies ✓
Besoedeling ✓
Oorbenutting van hulpbronne ✓
Oorbenutting van kunsmisstowwe en plaagdoders ✓
Handel met bedreigde spesies ✓
Stropery en jag ✓ (*verpligtend 1 + ENIGE 2 bedreigings)
**(Merk slegs eerste TWEE bedreigings)** (3)

3.3 3.3.1 Gondwanaland ✓ (1)

3.3.2 Biogeografie ✓ (1)

3.3.3 Voëls wat nie kon vlieg nie, soos die rhea en volstruis, het moontlik van ŉ gemeenskaplike voorouer ✓ontwikkel
Wat op dieselfde kontinent/Gondwanaland gebly het ✓
Beide voëls is van mekaar geskei
toe Suid-Amerika en Afrika van mekaar wegbeweeg het ✓ as gevolg van kontinentale drywing ✓ (Enige 3) (3)

3.3.4 As ons oor tyd na die kontinente kyk, sal ons sien dat die arktiese gebied nooit naby die Antarktiese gebied was nie ✓
Aangesien albei van hulle vir koue aangepas is ✓
kon hulle nie oorbeweeg nie ✓ want
die gematigde / tropiese / warm gebiede ✓
tussenin het hulle van mekaar geskei ✓
Dus het hulle afsonderlik (apart) van mekaar gebly ✓ (Enige 4) (4)

3.4 3.4.1 Nasionale erfenisterrein – Wieg van die mensdom ✓
Grotte – Sterkfontein Grotte ✓ (2)

3.4.2 Dit skep werk ✓
Dit is ŉ bron van inkomste ✓ (2)

3.4.3 Glossopteris (Korrekte naam) ✓
Korrekte formaat (Hoofletter 'G' en onderstreep) ✓ (2)

3.4.4 Trilobiete ✓ (1)

3.4.5 Selakant ✓ (1)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

## AFDELING C

## VRAAG 4

**Fossielvorming**

- Die organisme (plant of dier) sterf ✓
- en word vinnig ✓
- met sediment ✓ bedek
- óf op land ✓
- óf op die bodem van ŉ meer ✓ / rivier / see
- Die sagte weefsel✓ ontbind
- as gevolg van bakterieë ✓ / mikro-organismes / ontbinders
- terwyl die harde dele van die liggaam ✓ / bene / skulpe
- behoue bly ✓
- Organiese materiaal word deur minerale vervang ✓
- Met verloop van tyd bou druk op die onderste sedimente op ✓
- namate meer sedimente versamel ✓
- Sedimente en bene verander in sedimentêre gesteente ✓ / skalie / kalksteen / sandsteen Maks. 10 (10)

**Relatiewe datering**

- Wetenskaplikes bestudeer die rotslae aan die bo- en onderkant van ŉ fossiel ✓
- Om dit met ander fossiele/geologiese gebeure te vergelyk
- Omdat dit ons nie die presiese ouderdom van die fossiel gee nie
- Wetenskaplikes kan ook fossiele wat geïndekseer is, gebruik om die ouderdom van ander fossiele te bepaal.
- wetend dat fossiele wat aan die onderkant aangetref word, ouer is✓
- terwyl fossiele wat aan die bokant aangetref word jonger ✓ is
- Dit is nie ŉ baie akkurate ✓ metode nie

Maks. 4 (4)

**Ontdekking**

- Sedimentêre gesteentes word na die oppervlak gedruk ✓
- deur die beweging van die aarde ✓ / geologiese kragte / aardbewings / vulkane / plaatbeweging
- Oor baie eeue ✓ / ŉ lang periode
- word fossiele blootgestel as gevolg van erosie ✓ / of menslike aktiwiteite / mynbou Maks. 3 (3)

Inhoud: (17)
Sintese: (3)
**(20)**

**LET WEL:** GEEN punte word toegeken vir antwoorde in die vorm van vloeidiagramme, tabelle of diagramme nie.

## ASSESSERING VAN DIE OPSTEL

| Relevansie (R) | Logiese volgorde (L) | Omvattendheid (C) |
|---|---|---|
| Alle inligting wat verskaf word is relevant tot die onderwerp. | Idees word gerangskik in 'n logiese volgorde. | Alle aspekte wat deur die opstel vereis word, is voldoende aangespreek. |
| Al die inligting wat aangebied word, is relevant tot:<br><br>• Fossielvorming<br><br>• Hoe fossiele ontdek word<br><br>• Relatiewe dateringsmetodes<br><br>Daar is geen irrelevante inligting nie | Al die inligting rakende:<br><br>• Fossielvorming<br><br>• Hoe fossiele ontdek word<br><br>• Relatiewe dateringsmetodes is logies gerangskik | Die volgende punte moet ten minste ingesluit wees:<br><br>• Fossielvorming (**F**) (7/10)<br><br>• Relatiewe dateringsmetodes (**R**) (2/4)<br><br>• Hoe fossiele ontdek word (**H**) (2/3) |
| **1 Punt** | **1 Punt** | **1 Punt** |

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou